

Ons Koning regeer oor alle dinge vir altyd

Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 110; Heidelbergse Kategismus Sondag 19

Ons lees in Psalm 110 van die koninklike heerlijkheid van die Priesterkoning. Dit is ook die heerlike belydenis aangaande Christus wat ons in Sondag 19 uitspreek.

Dit is die groot ruspunt van ons lewe midde-in al die woelinge en onrus en onstabiliteit wat ons elke dag ervaar. Ons leef in 'n magsdronk wêreld, van sinlose geweld en misdaad en korrupsie. Tog kan ons jubel (Ps. 93, berymd): "Maar oor hul in die hoogste sit die Heer, geweldig as vloed van storm en meer, geweldig as golwe van die see, as Hy van bo sy stormbevele gee." Daar is 'n troon in die hemel (Op. 4), en dié troon is beset. God regeer, deur Jesus Christus, die Hoof van die kerk, oor alle dinge. Die wêreldgeskiedenis gaan voort ter wille van die kerk.

Die vraag is alleen maar of ons nog werklik

vanuit hierdie waarheid leef, of dit vir ons 'n groter werklikheid is as die dinge wat ons in die wêreld ervaar. Wie uit hierdie belydenis leef, ken die hemelse gawes van sy Gees en ervaar dat die kind van die Here nooit weerloos of alleen is nie.

Wat die toekoms betref, ken ons die heerlike troos en die blye verwagting van sy wederkoms. Op God se dagboek is daar nog net een afspraak met hierdie wêreld. Dan kom Jesus Christus as die Regter op die wolke. Ons wat Hom as die enigste Verlosser bely, neem dan ons ewige erfenis in besit om saam met Christus tot in alle ewigheid te regeer.



Publikasie
Publication



Nr./No.: E26